
Rietvallei

Kampnuus

# Weaver’s Roost

15 tot 17 November 2024 – Streeksaamtrek




*Presies waar Weaver’s is…*



*Hier kom die Delports; met hul heel-wa!*



*Sê liewer niks…*



*Hoe spel jy moeilikheid?*
*Rød og Sluse var også med.*
*Gróót moeilikheid*



*Weaver’s was ‘n rustige plek…*
*Totdat dié “soort” hier aangekom het…*

# Die Laaste saamtrek van 2024 by Weaver's Roost

Sjoe, waar sal ek begin met 'n opsomming van hierdie spesiale jaar-afsluitings naweek? Wel, ek vertel graag vir een en almal wat wil lees, hoe ons belewing van gebeure was tydens die wonderlike naweek. Soos nou al 'n instelling geword het, was daar baie woonwaens wat reeds voor Vrydag ingeboek het en sommer al woes-lekker gekuier het.



Met ons aankoms Vrydag so mid-oggend, was daar oral 'n gewerskaf soos ons lede beplan aan uitrustings want, sien, ons hou mos vanaand 'n saamkuier met HOBO tema. So tussen die klere beplanning word daar heen en weer gekuier dat die stof staan. Groot glimlagte op almal se gesigte, soos die lekkerkry-kuier al hoe nader kom.

Voor jy kon sien is dit net voor 6 en tyd vir offisiële groet en natuurlik boekevat. Pieter Viljoen behartig die boekkevat en doen die amptelike verwelkoming.

Hier daag vreemde mense op en dis sommer moeilik om te bepaal wie die gas nou eintlik is. Soos die "Hobo's" aankom, is Tinus en Pieter besig om almal te beoordeel, want sien daar wag lekker pryse op die wenners. Die klomp het nou regtig moeite gedoen om die tema lewe te gee.

So moet ons natuurlik 'n wenner aanwys en moeilik soos dit was, neem Alida en Fanie die prys vir die beste "Couples Hobos". Ansie Delport stap weg met die prys vir die mees realistiese uitbeelding van 'n "Hobo" en Gideon van Zijl kry die prys vir die man wat die meeste na 'n "Hobo" lyk.



*Fanie en Alida Venter*



*Ansie Delport met*
*Frans en Stefanie Scholtz*



*Helena en Gideon vanZijl*
*met Ann Stewart*



*Tinus Fourie*
*"slaan die kitaar"*

So saam met die beoordeling het Bertus en die manne vuur aangesteek, terwyl Dalena 'n pot poetoepap en sheba aanmekaar getower het. Die "Hobos" staan en braai hul worse en so begin almal lekker aandete saam geniet.

Wat sal 'n kuier onder die hemele dan wees sonder 'n kitaar en saam sing? Hier vermaak Tinus Fourie ons met lied na lied. Sommer ook versoeke so tussen deur. Die kuier gaan aan tot so 10 nm en begin dan rustig raak, want ons is mos gehoorsaam aan oordreëls. Dit stilte van die nag bring ons tot ruste want môre, jong môre, gaan 'n grote wees!

Saterdagoggend vroeg is daar baie beweging en groot opwinding. Die spanne is ingedeel en elke spanlid doen sy ding pligsgetrou en met ywer. Tersia,die hoof spanleier, het vooraf vir die manne ‘n mooi keil, das en sakdoek gemaak wat ons moet aantrek na die kuier. Die dames moet “bling” aantrek en kry ook mooi geskenkies.



Die kosspan begin voorberei aan ‘n properse noenmaal. Die opstel span verfraai die saal dat dit sommer behoorlik spoggerig lyk en die tegniese span hang ligte, reël ekstra afdakke en help sommer oral met die rondskuif van items.

Na alles mooi opgestel is, kom daar so ‘n rustigheid oor almal en ek vermoed daar was ‘n middagslapie of twee sodat ons uitgerus kan wees vir die grote wat voorlê.



*Frans aan die Woord*



Die tyd het aangebreek en saam met dit maak die hemele oop en word ons begroet met ‘n goeie bui reën. Dit demp geen van ons opgewondenheid nie en een-vir-een arriveer die gaste by die spog-geleentheid. Almal saam is ons 36 gaste wat die funksie bywoon.

Almal word welkom geheet en Frans doen opening met ‘n mooi geestelike boodskap. Pieter neem oor en begin afkondigings doen. Tinus kry ‘n spreekbeurt want hier was hard gewerk en daar moet behoorlik dankie gesê word aan almal vir hul bydraes.

Na die verrigtinge word die Stomp verenig met sy eienaar vir 2024/2025;
en die wenner hiervan is Stefanie Scholtz.



*Tinus Fourie, Dirk Maree, Bertus Marx, Hennie Engelbrecht en Gideon van Zijl vier die lewe en verskeie ander verdienstelike sake.*

Daar word dan nou vonkelwyn oopgemaak en bedien en so bring ons dan hulde aan sommer enige goeie ding in Rietvallei. Een vir een stel manne en dames heildronke in op bestuur, saam kuier, gesondheid, dankbaarheid, hartseer, afskeid en nog vele meer. Ons vier egter die lewe en die geselligheid, want ons kan.

Die ete is reg en almal smul aan al die lekker kosse. Weer en weer word geskep todat almal trommeldik geëet is. En nes jy dink dis klaar, haal hulle daar ‘n malvapoeding uit wat met roomys bedien word.

Mensig was dit nou ‘n voortreflike ete!

Nou ja, ons kuier moes goed as ons kans kry. So daar word na ete gou-gou plek gemaak vir ‘n dansvloer. Hier begin almal saam skoffel. Feestelikheid op sy lekkerste! Die dans en musiek en samesyn gaan lekker en met so ‘n halwe oor kan ons darem ook hoor dat die Springbokke goed wen teen die Engelse.

Die bittereinders kom so na 10 tot stilstand en dan begin almal verdaag na hulle woonwaens. Daar is ‘n tevredenheid onder almal. ‘n Dankbaarheid dat dit met ons goed gaan en dat ons die voorreg kon hê om deel te wees van so ‘n voortreflike aand.

Sondagmôre en die tegniese span slaap laat. Die opruimspan pak toerusting weg en maak alweer reg vir die Sondag boekevat.
En net voor ons mismoedig raak (grappie), is die tegniese manne ook op hul poste en sommer gou is alles opgestel, afgebreek en in plek.

Jis, dis lekker as almal so saam dinge doen!

Nege-dertig en Magdaleen is op haar pos om ‘n besonderse boodskap te bring. Kersliedere word gesing en daar word gepreek oor lig. Wat ‘n besonderse boodskap! Na die seën oor ons uitgespreek is, is dit alweer tyd vir aansporings plaatjies, dankies en afsluiting.



*Magdaleen bring die Woord*

En soos dit nou al vir jare die gebruik is, word daar waatlemoen gesny en saam gekuier onder die koelte bome van Weaver’s Roost.



*Voorsnyspan: Hennie Engelbrecht, Dirk Maree en Gideon van Zijl*



*Stefanie Scholtz*



*Klaus Lübbert*



*Laaste kuier in die koelte*

Een van my vriendinne sê gereeld na ’n saamkuier-aand dat vanaand nou een vir die boeke is. Maar glo my Rietvalleiers: hierdie naweek het alle boeke oortref! Vir my persoonlik die lekkerste kuier naweek in jare, indien nie in my lewe nie.

Dankie een en elkeen vir die naweek wat nog lank onthou sal word!

*Pieter Viljoen*

## Toekennings gemaak tydens hierdie saamtrek



*Bertus en Dalena Marx*
*100% Bywoning - 2024*



*Stefanie Scholtz*
*Stomp 2024*




*Kampkoördineerders: Tjaart, Pieter, Dalena, Bertus, Frans, Tersia, en Tinus*



*Magda Britz: 2023*
*Streek Ere Toekenning*
*Hoërgraad*



*Magda Britz:*
*Meeste web-bydraes*
*2023 – 2024 (Nasionaal)*



*Neels en Rina de Klerk*
*Nasionale Meriete toekenning*
*25 Jaar lidmaatskap*



*Marlene en Dirk Maree*
*50 Algemeen*
*(Totale getal saamtrekke bygewoon)*



*Pieter en Magdaleen Viljoen*
*50 Streekplaatjie*



*Annatjie en Sieg Maritz*
***225** Algemeen*
*Besonderse prestasie!*

***Welkom!***



*Gaste by Weaver's Roost:*
*Hannes en Marianne Coetser,*
*Werda Lombard en Mia-Lee*




Advertensie



*Toerusting vir 'n aangename kuier*



*Geskenkies vir die gaste*



*'n Keurig versierde tafel*



*Weaver's Roost Chalets*



*Weaver's Roost tuine*



*Die laaste lekker van 'n besonderse naweek…*
*Baie dankie!*




Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
en
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

*Advertensie*


**Volgende Saamtrek**

Januarie 2025 saamtrek is by Bass Lake.

Datums: 17 tot 19 Januarie 2025

Koste vir naweek: R1050
[(R500 X 2) +R50]

Weeknagte: R450 per staanplek

Amptelike kennisgewing teen die einde van die jaar.